



Inligtingsbeleid

Die NG Gemeente Toringkerk ("Toringkerk") is daartoe verbind om u privaatheid te beskerm en om te verseker dat u persoonlike inligting wat ons versamel, wettig en deursigtig gebruik word.

Hierdie beleid verduidelik die praktyke van die Toringkerk wanneer ons u persoonlike inligting verwerk in ooreenstemming met die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting ("POPIA"). "Verwerk" beteken enige gebruik van persoonlike inligting, wat die oordra, versamel, opname, stoor, gebruik, ontleding, kombinerings, bekendmaking of uitwissing van u persoonlike inligting insluit.

Hierdie beleid kan van tyd tot tyd opgedateer word en enige wysigings sal op die Toringkerk se webtuiste geplaas word. Hierdie wysigings sal van krag wees vanaf datum van publikasie daarvan.

Wat is die definisie van persoonlike inligting?

Volgens die POPIA beteken '**persoonlike inligting**' inligting rakende 'n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon, en waar dit van toepassing is, 'n identifiseerbare, bestaande regspersoon.

Watter persoonlike inligting stoor die Toringkerk?

Die Toringkerk stoor die volgende tipes persoonlike inligting:

- Naam en van
- Titel
- ID-nommer
- Geboortedatum
- Geslag
- Huwelikstatus
- Lidmaatstatus
- Nooiensvan
- Adres
- Telefoonnommer
- E-Pos adres

Verdere inligting van dooplidmate sluit ook doopdatums, doopouers, dooplerears en die plek van doop in.

Hoe bekom die Toringkerk inligting van lidmate?

Inligting word direk van lidmate self bekom deur die invul van 'n **databasisvorm** waardeur persoonlike inligting versoek word.

Indien **bewys van lidmaatskap** van persone aangevra word vanaf 'n vorige gemeente, bekom die Toringkerk die volgende inligting:

- Belydende lidmate: Volle naam en van, nooiensvan (indien van toepassing), geboortedatum.
- Dooplidmate: Volle name en van, geboortedatum, doopdatum, dooplerear.

Deur die die volgende verskillende **vorms**:

- Belydenis vorms
- Kerk-tariewe vorm
- Huweliksvorm
- Kinderkleingroepe inskrywingsvorm
- KruisConnect inskrywingsvorm
- Toringkerk inskrywingsvorm

Waarom bekom die Toringkerk sekere persoonlike inligting van gemeentelede?

Kerkgangers is deel van ons geloofsgemeenskap wat soos 'n familie funksioneer en word gekontak vir verskeie redes. Voorbeelde hiervan is:

- Markietie / Hulp / Bedankings
- Pastorale ondersteuning
- Kleingroepe in die Paarl gemeenskap
- Om kontak met lidmate te hê wat siek en/of ongesond is
- Huisbesoeke
- Verskeie projekte van die gemeente
- Om te help tydens geleenthede wat die kerk hou

Waar stoor en beveilig die Toringkerk u inligting?

Persoonlike inligting word elektronies gestoor en uitgedrukte kopieë word in 'n kluis bewaar en gestoor.

Wie beheer en het toegang tot hierdie inligting?

Selgs die Skriba, leraars en jeugwerkster het toegang tot die kerk se databasis.

Wanneer word persoonlike inligting bekom?

Inligting word voortdurend bekom sooswat lidmate by die Toringkerk gemeente aansluit. Indien 'n lidmaat verlaat, word die inligting oorgeskuif na die argief toe. Indien die lidmaat na 'n volgende gemeente skuif, word die inligting aangevra vanaf die nuwe gemeente. Slegs 'n van, volle name en geboortedatum word gestuur by die aanvraag van belydende lidmate. By dooplidmate word die doopdatum, doopouers en doopleeraar ook gestuur.

Van waar word persoonlike inligting verkry?

Inligting word direk vanaf lidmate verkry. Basiese inligting word ook bekom vanaf die lidmaat se vorige gemeente, in opdrag van die lidmaat dat sy/haar lidmaatskap aangevra moet word na die Toringkerk toe.

INDIEN U NIE HIERMEE SAAMSTEM NIE, IS U MEER AS WELKOM OM DIE GEBRUIK VAN HIERDIE BLAD TE STAAK.